

Donderdag 23 Mei

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-8

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:1

Wat geloof is ...

Geloof is een van die grootste gawes van God aan die mens. Want om te glo, is om *seker* te wees van die dinge waarop ons hoop ... dit is om *oortuig* te wees van die dinge wat ons nie sien nie. Geloof is daarom 'n doelbewuste vertrouwe in God Almagtig.

En so baie mense in ons tyd staan skepties teenoor geloof. Hulle meen: Hóé kan jy glo in iemand wat jy nog nooit gesien het nie? Hóé kan jy vertrou op dinge wat nie bewysbaar is nie? Hoe kan jou lewe draai om sekerheid van dinge waarop jy slegs kan hoop?

Ons leef in 'n tyd van hoogs ontwikkelde tegnologie ... van logika. 'n Tyd van harde feite en wetenskaplike bewyse. Is geloof in onsienlike dinge nie 'n waagstuk nie?

Maar juis hierin lê die geheimenis en die misterie van geloof. Dat God deur sy Heilige Gees aan sy kinders die sekerheid gee dat daar dinge is wat veilig in sy hande is. En God gee daardie gawe ook aan jǒú. Geloof is 'n doelbewuste en vaste vertrouwe op die Here.

Geloof is daarom *nóóit* pessimisties nie ... dit laat geen twyfel nie. Geloof is nie huiwerig nie, maar 'n seker-wees en 'n oortuig-wees. Dit is 'n saak van vertrouwe. 'n Hele hoofstuk (Heb. 11) word gewy aan voorbeelde uit die Ou Testament van hoe God se mense deur die geloof oorwin het, jús omdat hulle God op sy Woord geneem het en Hóm vertrou het.

Só laat geloof jou lewe onder 'n geopende hemel. Dit laat jou leef met oortuiging en vertrouwe en berusting in die Onsienlike God deur Jesus Christus. Sy soendood het dit ook vir elkeen van ons moontlik gemaak.

Sing: Skrifberyming 14-3:3

Ds. NW Ligthelm (Nico) (Emeritus)